





Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 21 Mei 1947 Nr. 25.

Pasella as hy Weier Om te Koop Nuwe Soort Ekonomie Vir Brittanje

Die Britse regering het nog skaars besluit om geen Suid-Afrikaanse vrugte meer in Engeland toe te laat nie, of die Engelse pers in die Unie begin al pleit dat die Unie-regering die vrugte wat Brittanje nie wil koop nie, aan hom as 'n geskenk moet gee.

Engeland sou ongeveer £3 miljoen se sagtevrugte van Suid-Afrika koop. In 'n hoofartikel probeer die Cape Argus sy lesers se harte week maak vir Brittanje deur te beklemtoon dat hierdie feitlik onbeduidende ekonomiese maatregtig 'n lig werp op die geweldige armoede van 'n eens so ryke volk. Hy wys dan op die groot oorgloed in Suid-Afrika sover dit vrugte betref, en doen aan die hand dat die regering al die surplus-druive opkoop en dit aan Brittanje stuur as 'n geskenk solank as daar 'n voedselskaarste heers.

ANDER MAAK SO

„Die regerings van Kanada, Australië en ander dele van die Ryk het reeds groot geskenke aan die Britse volk gestuur as blyke van erkenning vir hul groot opoffering ter verdediging van alle volke. In hierdie land is aansienlike private geskenke al aangebied, maar die staat as sodanig het nog niks gedoen nie. Die minste wat ons immers kan doen, is om vir hulle druive en ander vrugte te stuur wat ons nie nodig het nie.”

Hierdie pleidooi herinner aan die geval 'n paar jaar gelede toe Engeland geweier het om ons vleis te koop teen die heersende produsenteprys en toe die Brits-gesindes in ons land 'n kollekte geopen het om die vleis op te koop en as geskenk vir Brittanje te stuur. Moontlik hoop die Britse regering om in elk geval Suid-Afrikaanse vrugte te eet al betaal hy nie daarvoor nie. Wie sal dan ook iets koop wat hy present kan kry as hy maar net weier om te koop?

Duitsland Moet Gemelk Word

Die Britse regering het nog nie afgesien van sy voorneme om herstelbetalinge uit die Duitse produksie te eis nie, het Ernest Bevin, Britse minister van buitelandse sake verklaar. Hy het daaraan toegevoeg dat indien daar nie by die volgende konferensies van die ministers van buitelandse sake tot ooreenstemming geraak kan word oor die stryd-vrae betreffende Duitsland en Oostenryk nie, niemand by magte sal wees om die toekoms van die wêreld te voorspel nie.

BRITTANJE SE STROP AL NOUER

Die Britse regering was weer genoodsaak om, hoewel teen sy sin, £50,000,000 (200,000,000 dollar van die Amerikaanse lening te trek.

Dit bring die gesamentlike bedrag wat sedert Julie verlede jaar getrek is, op ongeveer £375,000,000 te staan. Britse amptenare het erken dat die totale bedrag wat teen die end van Junie getrek sal wees, baie meer sal wees as die oorspronklike beraming. Teen verlede maand het Engeland die oorspronklike lening van £937 miljoen teen 'n tempo van £100 miljoen per maand verbruik.

Ingeligte kringe van die Britse departement van finansies meen dat die lening nog voor die end van die jaar gedaan sal wees.


Die tempo van verbruik het die laaste paar weke versnel. Dit is duidelik, so is verklaar, dat die lening nie drie jaar kan hou soos bedoel is nie.

Steek Blankes In Skande

Met die onlangse verpleegsterseksamen in Natal het 'n twintigjarige naturelle - vrou, Mkulisi, haar daarin onderskei om die enigste leerlingverpleegster in Natal te wees wat die eksamen met lof geslaag het. Sy was een van 773 kandidate. Van die totale aantal kandidate wat die eksamen afgê het, het 446 blanke meisies nie geslaag nie. Baie het reeds vir die tweede keer probeer.

WIL INDIËRS UITWERK

Die Noupootse Boere en Wolkwekersvereniging het op 'n goed bygewoonde vergadering besluit om vertoë tot die munisipaliteit te rig om geen handelslisensies aan Indiërs uit te reik. Die besluit is deel van die Indiër-boikot wat tans ook vlam vat in Kaapland.



Mnr. J. A. van Zyl wat op 'n hongerstaking was voordat die regering reg aan hom laat geskied het, saam met sy vrou en agt-jarige dogtertjie afgeneem nadat hy uit die Sentrale Gevangenis losgelaat is.

Immigrante Kan Dalk Teen Regering Draai MINDER GEESDRIFTIG OOR 'HOME' AS S.A. JINGO'S

Dit wil voorkom of die Smutsbewind binnekort tot die oortuiging sal raak dat sy immigrasieskema nie 'n ongemengde seën vir hom is nie, maar 'n paar gevare inhou wat net die teenoorgestelde uitwerking gaan hê as wat hy daarmee bedoel het. Tot hierdie gevolgtrekking is gekom nadat Die O.B. onderhoude met verskeie immigrante gehad het wat verlede week in die Winchester Castle in Kaapstad aangekom het. Immigrante oefen uit die staanspoor al kritiek uit op die regering weens sy pro-Joodse beleid by die toelating van vreemdelinge. Maar daar is ook ander faktore wat die regering tot diepe nadenke — indien nie vertwyfeling nie — sal stem, indien dit nie reeds die geval is nie.

Met die jongste besending immigrante wat Suid-Afrika met die Winchester Castle ontvang het, was daar nie minder as sowat 45 persone van Joodse afkoms aan boord nie. Hulle het vyf persent van die totale vraag immigrante uitgemaak.

Dit was opvallend met watter mate van afkeer die immigrante van hul Joodse mede-reisigers gepraat het. Een het pront die vraag gestel waarom die Unie-regering nie alle Joodse immigrasie stopsit nie. Hy beskou die toevloeci van Jode na Suid-Afrika as 'n struikelblok in die pad van sy eie kans.

SONDER VOORUITSIG

Verskeie van die persone wat met die Winchester Castle aangekom het, was een of ander tyd gedurende die oorlog in Suid-Afrika. Dit blyk dat baie van hulle eenvoudig blindelings gekom het. 'n Vliegtuigingenieur het vertel dat hulle in Engeland aan hom gesê het dat hy maar kan kom al het hy nie werk nie;

hier sal wel geleenthede vir hom wees.

Hy wou van 'n verteenwoordiger van Die O.B. weet waarheen hy hom kan aanbeveel.

'n Ander immigrant wat homself 'n Skot noem, wou weet of hier organisasies in Kaapstad is wat hom met geld kan help. Hy wil na Johannesburg waar daar op 'n vae belofte van 'n werkgever, 'n werk op hom wag. Hy is platsak en kan nie daar kom sonder hulp nie. Hy was verbaas om te hoor dat Johannesburg 1,000 myl van Kaapstad is. Hy het twee vriende saam met hom gebring. Nie een van hulle twee het geweet waarheen om hulle te begeef nie. Hulle hoop ook maar dat geluk hulle sal tref en dat hulle wel werk sal kry. Hulle is van mening dat dit nie met hulle hier slegter kan gaan as wat hulle in Engeland daaraan toe was, waar, volgens hulle, geen vooruitsigte meer is nie.

Op die skip was 923 immigrante, maar ongeveer 500 van hulle — dus ver die meerderheid — was onbewus van 'n eie

bestemming. Daar is eenvoudig vir hulle niks gereël nie, en hulle sal vir geruime tyd 'n dooie las op die regering se hande wees.

Dat die regering na sy eerste geesdrif vir „miljoene en miljoene immigrante, goeies en slegtes” nou versigtiger begin word, blyk uit die feit dat hy opdrag aan die immigrasiekomitee in Londen gegee het om nie werkloos te laat uitkom nie — in elk geval sonder enige gevolg, soos dit lyk.

Die regering begin blykbaar te besef dat die immigrante nie 'n honderd persent politieke bate vir hom gaan wees nie. In die eerste plaas bestaan die gevaar vir die regering dat immigrante wat sonder werk in die Unie land en nie alles kry soos hulle dit in Engeland gehoor het nie, ontevrede kan raak en die regering verwyrt dat hulle mislei is en dat daar nie genoeg vir hulle gedoen word nie. Sulke ontevredeenes sal dan in plaas van regeringstemmee te wees, al baie gou sterk anti-regeringsgesind raak. Dit is een kant van die saak.

MOEG VIR ENGELAND

'n Ander faktor wat dit vir die regering nie alte rooskleurig maak nie, is die feit dat baie immigrante Engeland verlaat met die gevoel van misnoë onder die wete dat Engeland nie meer in staat is om hulle iets te bied nie.

Hul herinnerings aan Engeland is dus nie meer een van koninklike glans, soos dit vir die jingo's in Suid-Afrika is nie, maar een van armoede en ontberings. Hulle sal dus baie geredeliker hul lot by Suid-Afrika wil inwerp as die Suid-Afrikaanse jingo's wat Engeland nog aanbied as 'n held uit die kinderdae.

LEËR AFRIKAANS

Dat dit so is, het geblyk uit onderhoude met immigrante aan boord die Winchester Castle. Verskeie van hulle het baie uitdruklik te kenne gegee dat hulle van voorneme is om hul hele gewig agter Suid- (Vervolg op bladsy 8)

Kerk Besorg Oor Agteruitgang Van Studente

'n Padlangse preek oor die sedelike agteruitgang by 'n deel van ons studerende jeug, is voorverlede Sondag oor die radio gehou deur ds. J. A. Kriel, van die Nuwe Kerk, Kaapstad. Dit was by geleentheid van 'n diens in verband met die wêreldbiddag vir studente.

Ds. Kriel het verklaar dat die Kerk besorg is oor die toestand aan die universiteite in Suid-Afrika. Die aantal studente wat elke jaar na die universiteite gestuur word, vermeerder steeds. Baie van hulle is jonk en is blootgestel aan slegte invloede.

Die studente het so vermeerder dat die Kerk nie meer elke student apart kan behandel nie. Hulle pas nie meer in by die gees van die Kerk nie en word 'n ernstige probleem.

Die gees waarin baie van die professore hul lesings gee is sodanig dat studente wat in 'n godsdienstige omgewing opgevoed is, al meer en meer los raak van die godsdienste. Hierdie studente help weer op hul beurt om die gees te versprei. Die professore het 'n groot invloed op die denke van die studente. Baie van die professore is vervreemd van die Kerk, het hy gesê.

VYANDIG

Later koester hierdie studente, wat in hul eie huise in 'n christelike atmosfeer opgevoed is, 'n vyandige gevoelens teenoor die Kerk. Hulle vul later belangrike betrekkinge in die samelewing, en die gevaar bestaan dat die voorbeeld wat deur hulle gestel word daartoe kan lei dat die beginsels waarop die Kerk die nasionale lewe gegrond is, omvergewerp kan word.

Die leefwyse aan die Suid-Afrikaanse universiteite is tans so sleg dat studente dikwels in groot getalle uit die inrigtings gesit word. In plaas van te studeer en die erns van die saak te besef dat hul die toekomstige leiers is, is hulle besig om 'n ligsinnige lewe te voer.

Genl. Smuts Erken Euwel van Partypolitiek

Die feit dat die openbare mening sterk stelling begin inneem teen die wanpraktyke van die politieke partye, is deur genl. Smuts genoem as rede vir hoop in die toekoms in 'n onderhoud wat hy met 'n plattelandse korrespondent van die Cape Argus gehad het.

Die vraag is aan hom gestel: „Is dit nie tyd, Generaal, dat ons politieke partye afskaf nie?”

Genl. Smuts het geantwoord dat dit moeilik kan gebeur sonder om persoonlike vryheid ook af te skaf. „Maar daar bestaan geen rede nie waarom die groot meerderheid kiesers nie kan aandrang dat partyverskille ondergeskik aan volksbelang gemaak moet word nie. Die opposisie-verskille behoort egter te wees en nie maar uitgedink te word vir stemmevangery nie.

„Ek besef natuurlik dat geen politieke party — nie eens ons eie nie — altyd hiervan te verskoon is nie. Maar tensy ek my misgis, is die openbare mening sterk aan die beweeg in daardie rigting en daarin lê ons hoop vir die toekoms.”

DANS EN DRANK

Danse, wat volgens die leer van die Kerk iets vreemds is en nie daar tuis behoort nie, het tans algemeen geword waaraan publisiteit in die pers verleë word. Op die danse word groot hoeveelhede drank gebruik. Dit kan alleen die studente skaad.

Ontgroening het tot so 'n mate ontaard dat dit in verskeie gevalle verbied is. Ten spyte daarvan word dade wat herinner aan barbaarsheid, nog gepleeg.

Om te besef hoe ver daar reeds gevorder is, kan mens maar net op joodae in die strate van Kaapstad kyk wat aangaan. Ds. Kriel het gesê dat 'n groep dames-studente, en in een geval 'n man, met skamele kleres swanger vrou voorgestel het. Baie van die studente was byna naak en dit voor die nie-blanke gemeenskap. Hy het verklaar dat dit tyd geword het dat die Kerk optree. (Kyk ook hoofartikel. — Red.)

Bly om Weg te Kom Uit Engeland

„Die Britse volk is vandag 'n brommende volk. Hulle is sat van die voedselskaarste en weet dat daar vir hulle geen onmiddellike vooruitsigte om beterskap is nie. Dit is drie maande wat ek laas 'n eier geëet het. Botter het ek na 'n lang tyd weer op die skip geproe,” het 'n immigrant uit Manchester wat verlede week met die Winchester Castle in Kaapstad aangekom het, aan 'n verteenwoordiger van Die O.B. verklaar.

Gedurende die oorlog was die Britse volk geduldig, het hy gesê. Hulle het geweet dat as hulle teen die ellende wat deur die blits veroorsaak is, kla, dit hulle nie veel sal help nie omdat hulle al hul kragte moes inspan om die oorlog te wen. Nou heers dieselfde ellende maar die volk is nie meer geduldig nie. Hulle moet daagliks vir elke stukkie kos wat hulle in hul mond steek tuisstaan en die stukkie wat jy ontvang, is belaglik klein.

Hy het verwys na die weeklikse botter-, vleis- en vetrantsoene wat hy kans sien om met een maaltyd op te eet. Hy het 'n vrou en twee kinders tuis gelaat. Daar het hy die afgelope maande nooit sy mond aan botter gesit nie, omdat hulle dit noodwendig aan die kinders moes afstaan. Hy wou weet of hier genoeg vleis, botter en ander voedsel is. Hy het drie maande laas 'n eier geëet en toe was dit 'n ingemaakte produk.

BEHUISING

Aan hom is vertel dat hier in Kaapstad ongeveer 8,000 persone op huise wag en dat hy nie veel hoop het om sy vrou en kinders hier in 'n eie huis te huisves nie. Hy meen dat sy kans om hier 'n huis in die hande te kry darem nog beter is as in Engeland. In Manchester, sy tuis, is daar 'n huistekort van 80,000 het hy

Wraakgieriges Kry Hul Sin

Twee-en-sewentigjarige dr. Hjalmar Schacht, voormalige hoof van die Duitse Ryksbank, is deur 'n Duitse suiweringhof tot agt jaar in 'n arbeidskamp gevonnis.

Hy word deur die vonnis belet om ooit weer geld te bank, en mag nooit meer as £250 besit nie. Dr. Schacht is verlede Oktober deur die Neurenbergse „hof” onskuldig bevind.

Kapitaliste In S.A.

Tot watter mate Suid-Afrika reeds 'n kapitalistiese land geword het blyk uit die feit dat 37 Unie-burgers jaarliks oor die vet inkomste van £26,000 en meer beskik. Drie van hulle is ongetroud en die res is getroud.

ETES EENMAAL PER MAAND BEDIEN

Die Groote Schuur-vrouekommando, onder leiding van komdte. mev. M. C. Pienaar, het Vrydag, 9 Mei, 'n baie geslaagde middagete in die Vriendskapsentrum, Groote Kerkgebou, gehou. Meer as 60 etes is bedien. Dit sal voortaan 'n gereelde instelling word op elke eerste Vrydag van die maand. Die oggend sal verversings verskaf word en die middag 'n koue etc.

500 Poolse Kinders Bly In S.A.

VIR 800 DUITSERS NIE EENS TYDELIKE ASIEL

Suid-Afrika het sommer so in die stilligheid 500 Poolse kinders ryker geword. Hulle is oorspronklik op versoek van die Geallieerdes na Suid-Afrika gebring vir tydelike herberg tydens die oorlog, maar op versoek van die Britse regering sal hierdie kinders nie weer na hul vaderland terug gestuur word nie, maar hier bly om deel van die volk te word. Hulle is almal tot die Rooms-Katolieke Kerk toegelaat.

Hierdie belangrike aankondiging is deur die Minister van Binnelandssake in die volksraad gedoen. Hy het aangekondig dat met die oog op die regeringsverandering in Pole die Britse regering die Unie-regering gevra het of die kinders nie nou maar in Suid-Afrika kan bly nie. Liewer as om hulle na Pole terug te stuur het die regering besluit om die versoek toe te staan.

Aanvanklik het die Poolse regering vir die onderhoud van die kinders betaal. Ook hierdie onderhoudskoste is nou deur die regering oorgeneem en in die jongste begroting word daar vir sowat £49,000 voorsiening gemaak. 'n Deel van hierdie kinders is reeds gedurende die oorlog deushuisgesinne aangeneem sodat daar tot onlangs nog tussen 300 en 350 in die kamp by Oudtshoorn was.

Dit bring die koste van een kind te staan op enigiets tussen £140 en £160 per jaar. Dit is aansienlik meer as wat enige kind sy ouers per jaar kos. Wat meer is, vir die onderhoud van ons eie wese in Suid-Afrika dra die regering net £30 per kind per jaar by.

ROOMS-KATOLIEK

Daar word aangeneem dat hierdie kinders nou deel is van die regering se kinder-immigrasie. Die belastingbetaler betaal dus baie meer vir die onderhoud van vreemde kinders uit die buiteland as wat die regering bereid is om by te dra tot die onderhoud van ons eie weeskinders wat 'n integrerende deel uitmaak van ons volk.

Die Minister het voorts verklaar dat hierdie kinders almal Rooms-Katoliek opgevoed word. Verskeie is reeds deur Rooms-Katolieke inrigtings opgeneem.

WANGEDRAG

Die Britse blad Vanguard, het onlangs na aanleiding van die Poolse soldate in Engeland gekla oor die wangedrag van

die Poolse soldate in daardie land en het verklaar: „Ons het baie min simpatie met die Pole. Hulle verblyf in Skotland het getoon wat hulle is. Synde Rooms-Katolieke het hulle getoon dat 'n Rooms-Katoliek orals dieselfde is. Die Pole het hulle meer wangedra as goed gedurende die tyd wat hulle in Skotland is.”

DUITSERS

In die lig van voorgaande feite ten aansien van die Poolse kinders steek die weiering van die Unie-regering om selfs tydelike asiel te verleen aan die 800 Duitsers uit Tan-ganjika skerp af.

Protes Teen Behandeling Van Duitsers

Die Duitse krygsgevangenes wat tans in die „Durban Road” - Krygsgevangenekamp wag op repatriasie na Duitsland, word soos honde behandel, berig ons korrespondent uit Natal. Die „kombuis” waarin hulle etes voorberei word, is 'n gewese kafferkaia. Die gehalte van die kos wat hulle ontvang, is ellendig. Die higiëne en algemene toestand in die kamp is benede kritiek. Die kamp was reeds vir etlike maande aan die verwaarloos oorgelaat en die mense is nou daarin geplaas sonder dat daar vooraf behoorlike voorbereidings getref is en sonder dat daar enige moeite gedoen word om die lewe vir hulle enigszins leefbaar te maak. Die geboue en tente is almal oud en verweer. Die wyse waarop die mense behandel word is 'n klad op ons land se naam en die plaaslike Afrikaners voel dat die volk as 'n geheel sy stem moet verhef teen so 'n vergryp teenoor mede-Christene. 'n Telegram is aan die Parlement gestuur.

OPENBARE VERGADERING

sal gehou word in die

HOFMEYRSAAL, KAAPSTAD

op

DONDERDAG, 22 MEI, 1947, om 8.15 n.m.

Sprekers: Adjunk-K.G. J. A. SMITH en

DR. HANS VAN RENSBURG.

(By hierdie geleentheid sal die offisiere en brandwagte van die Westelike Provinsie afskeid neem van die A.K.G. met die oog op sy verhuising na George).

Alle Offisiere en Brandwagte word dringend versoek om teenwoordig te wees.

L.W. — Met die oog op die Pinksterbidure is die tyd verander na 8.15 n.m.

£50 Miljoen Goud per Jaar

Binne vyf of sewe jaar sal die nuwe goudmyne in die Vrystaat jaarliks goud ter waarde van £50,000,000 produseer. Hulle sal egter nie die goudmyne van die Rand vervang nie, het sir Ernest Oppenheimer verklaar by geleentheid van die opening van een van die nuwe myne naby Odendaalsrust.

Die opbrengs van die Vrystaatse myne sal 'n byvoegsel wees tot die opbrengs van die Rand en sal net die myne wat tot stilstand moes gekom het, vervang.

Een van die nuwe myne sal die naam van wyle pres. Steyn dra.

Kommunistiese Miljoenêrs In Hollywood

Die feit dat die kommunisme vandag geen ideaal van gelyke besit meer is soos die oorspronklike yweraars dit beoog het nie, maar 'n brutale staatskapitalisme geword het waarin die leiers 'n buitengewoon bevoorregte posisie van mag en welde beklee, word gerugsteun deur die getuïenis voor 'n Amerikaanse kommissie van ondersoek na kommunistiese bedrywighede dat etlike Hollywoodse miljoenêrs voorstanders van die kommunisme is en hul geldelike invloed ten bate van Moskou aanwend.

Die rolprentster Adolphe Menjou het verklaar dat die „grootbase in Moskou” pogings aanwend om beheer oor die rolprentnywerheid in Hollywood te verkry omdat hulle dit as 'n kragtige propagandamiddel beskou. Die kommuniste, het hy gesê, beklee al die belangrike poste in Hollywood met die gevolg dat anti-kommuniste bang is om iets teen die kommunisme te sê. 'n Groot aantal miljoenêrs is ook kommuniste en hulle gebruik hul invloed om propaganda binne die bedryf te maak.

'n Ander ster, Robert Taylor, het vertel hoe hy teen sy sin gedwing is om deel te neem aan die rolprent „Song of Russia” wat hy beskou het as suiwer kommunistiese propaganda.

Ander rolprentsterre het gelykluidende getuïenis afgelê en gesê dat dit al baie jare so aangaan.

Churchill Besorg Oor Oorwinning

Winston Churchill, oorlogskameraad van Stalin, het verlede week 'n dringende beroep op die volke van Europa gedoen om 'n Verenigde Europa te stig onder leierskap van Brittanje en Frankryk ten einde die wegsinkende Europa van ondergang te red. Hy het ook gepleit dat daar versoening teenoor Duitsland opgetree moet word. Sy front maak geen voorsiening vir die insluiting van Rusland nie.

Sy toespraak is allerweë vertolk as 'n noodroep om 'n front in Wes-Europa te vorm om te verhoed dat Rusland die Westerse volke insluk.

Churchill het beklemtoon dat dit nodig geword het dat die volke onderling saamwerk en ophou om mekaar verwyte toe te snou.

In verband met Duitsland het hy verklaar dat soos die toestand vandag in Europa voortduur, die Duitse volk nooit kans sal hê om sy kragte aan te wend nie.

„Ekonomiese verwurging sal onteenseglik die Duitsers na opstand en wraak laat gryp, en Duitsland sal nogeens 'n bedreiging vir die wêreldvrede word.

„Maar in 'n Verenigde Europa sal die Duitse nywerheid en die Duitse gees nuwe weë vind om homself te uit in plaas van 'n middelpunt van armoede en

bron van gevaar te wees.”

Duitsland lê vandag sterwend van die honger. Die Duitse volk en die Duitse ras moet weer terug gebring word na die kring van Europa. Dit moet 'n daad van versoening wees wat in goedertrou plaasvind.

Met verwysing na Rusland het hy gesê: „Ons kan nie toelaat dat die veto van een moondheid, vrede en vriendskap van so baie honderde miljoene moeë en sukkelende mense weerhou nie.”

Dokters Bots Met Skema Vir Vrye Dienste

Die uitvoerende komitee van die Vrystaatse Provinsiale Raad het besluit dat aangesien die geneeshere wat deelyds in diens van die Nasionale Hospitaal was nie bereid is om saam te werk met die Administrasie se skema van vrye hospitaaldienste nie, hulle geneeshere per vliegtuig uit die buiteland sal invoer om die taak voort te sit.

Sewentien personele van die Nasionale Hospitaal het onlangs bedank by wyse van protes teen die betaling wat hulle kragtens die nuwe skema van hospitaaldienste sou ontvang. Hul optrede is nagevolg deur geneeshere van Bethlehem, Ficksburg en Harismith.

Die geneeshere het die administrasie in kennis gestel dat indien hulle hul bereid verklaar om onder die skema te werk, hul inkomste aansienlik verminder sal word. Volgens die nuwe skema sal hierdie geneeshere salarisse van die Administrasie ontvang. Onderhandelings het hierna plaasgevind om die saak te skik, maar dit het verlede week afgespring.

Vyf van die ses dokters verbonde aan die Kroonstadse hospitaal het hul bedankings teruggetrek.

Die Administrasie het verklaar dat hy sal voortgaan met die aanstelling van voltydse geneeshere vir die Nasionale Hospitaal. Met die oog hierop sal medici ingevoer word.

HUL STANDPUNT

Die geneeshere het 'n verklaring uitgereik waarin hulle met nadruk verklaar dat hulle nie teen die beginsel van vrye hospitaaldienste is nie. Hulle staan in die eerste plaas voor dat dit 'n taak is wat onder die sentrale regering moet ressorteer.

Voorts maak hulle beswaar dat onder die provinsiale stelsel in die Vrystaat die pasiënt nie die geleentheid sal hê om sy eie geneesheer te kies nie, terwyl dit in die ander provinsies wel die geval is.

Oud-Soldaat en Gesin Uit Huis Geskop

PIETERMARITZBURG, 9 Mei. — Vrydagmôre, kort voor haar vertrek om te gaan inkopies doep, is mev. Norma Smith, eggenote van oud-soldaat Alec Smith, deur 'n bode van die hof verras met 'n bevel van die hof dat hulle die huis, waarin hulle die afgelope jaar gewoon het, onmiddellik moet verlaat. Binne enkele minute nadat die uitskopbevel gelewer is, het naturelle helpers die huisraad begin uitdra.

Mev. Smith, wat 'n nege-maande oud kindjie het en 'n tweede baba verwag, is nie tyd gegun om laaie uit te pak of haar breekgoed te versorg nie. Sy moes angstig heen en weer draf om die kaffers tot versigtigheid te maan in die hantering van haar goed. Sy het kort daarna flou geword en is bygestaan deur 'n verslaggewer van die „Natal Witness”.

TOEGESLUIT

Haar man wat 'n klerk is in 'n plaaslike hospitaal en met 'n gebrekkige been van die oorlog teruggekeer het, is dadelik ontbied en het op die toneel verskyn nadat die laaste meubelstuk uitgedra was.

Die leë huis is hierna in hulle

gesigte toegesluit en sonder verdere seremonie is hulle, met hulle huisraad in die straat, aan die genade van wind en weer oorgelaat. Mnr. Smith het laat die middag darem daarin geslaag om 'n stoorplek vir hulle meubels te bekom. Hulle word tydelik deur familie 'n onderdak verskaf.

Die uitskopbevel het gevolg nadat mnr. Smith vyf maande gelede kennis ontvang het dat hy die huis moet verlaat sonder dat enige redes aangegee is. Hy het geprotesteer en die saak is uitgestel. Intussen het hy alles gedoen wat menslik moontlik was om 'n ander huis te hure te kry maar sonder sukses.

GEDENKHUIS

Die huis waarin hulle gewoon het is een van twee gedenkhuse wat deur 'n sekere mnr. Jack Thrash vir die gebruik deur oud-soldate geskenk is ter herdenking aan sy seun Ray, wat gedurende die oorlog gesneeu het. Dit word verstaan dat die huis aan 'n dame gegee sal word wat binnekort moeder sal word. Haar man is tans buite die Unie.

Die plaaslike publiek is erg verontwaardig oor die skandalige wyse waarop mnr. Smith en sy gesin behandel is. (Korr.).

Honderenne Moet Afgeskaf Word

Lede van die Johannesburgse stadsraad het hulle ten gunste daarvan uitgespreek dat dobbelary op hondewedrenne afgeskaf word. Die stadsraad se komitee het aanbeveel dat die hondewedrenne heeltemal afgeskaf moet word.

Met een uitsondering is Johannesburg die enigste plek waar daar hondewedrenne in Suid-Afrika plaasvind.






DAMES-,
MANS- en
KINDER-
UITRUSTERS
SNYERS

UNIEWINKELS

— Beperk —
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.



WEES BESKERM!

INBRAAK-Assuransie by—

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE
TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie.

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

Kennis van die

WERELDSAKE

Vereis Bestudering van STAATKUNDE.

Skaf die volgende Boeke vir u aan.

DIE MODERNE STAAT		
deur Prof. L. J. du Plessis	—	2/6 posvry.
HEAR THE OTHER SIDE.		
The Afrikaner and German Side	—	2/9 posvry.
THE GREAT GLOBE ITSELF		
By W. C. Bullitt	—	11/9 posvry.
„The only totalitarian imperialism that threatens war to-day is the Soviet Union.”		
THE DARK SIDE OF THE MOON — 16/6 posvry.		
„Consists of a selection of personal narratives of Poles who have suffered during the Russian occupation.”		
THE SOVIET IMPACT ON THE WESTERN WORLD		
By Prof. E. H. Carr	—	7/3 posvry.
REPORT ON THE RUSSIANS		
By W. L. White	—	13/6 posvry.
MY ANSWER, by Oswald Mosley.		
REPORT FROM GERMANY,		
By Leonard O. Mosley	—	5/3 posvry.
SUID-AFRIKA		
'N TUISTE VIR DIE NAGESLAG		
Deur Prof. dr. G. Cronje	—	13/- posvry.
'n Blywende oplossing van S.A. se rassevraagstukke.		
AFRIKA SONDER DIE ASIAAT		
Deur Prof. dr. G. Cronje	—	13/- posvry.
BEHIND THE PRESS IN SOUTH AFRICA		
H. Lindsay Smith	—	9/3 posvry.
THERE ARE NO SOUTH AFRICANS		
By G. H. Calpin	—	13/6 posvry.
Pro Ecclesia-Boekhandel		
POSBUS 29 STELLENBOSCH		

„DIE O.B.” WOENSDAG, 21 MEI 1947

Studente-Verval

Nadat verskillende liggame en persorgane in die afgelope weke skerp kritiek uitgeoefen het op die gedrag van sommige studente by geleentheid van hospitaaljole in Kaapstad sowel as Johannesburg, het 'n Kaapstadse predikant voorverlede Sondag oor die radio hom in uitdruklike taal uitgelaat oor die geestelike en morele agteruitgang wat daar by die studerende jeug in die afgelope jare begin intree het. Dit is sekerlik verblydend dat die openbare gewete nog wakker genoeg is om 'n euwel te herken as hy dit sien. Ons belewe 'n tyd van algemene sedelike agteruitgang, en weinig lewenskringe is daarvan vry te sreek. Dit is dus nie net 'n verskynsel wat tot die studentejeug beperk is nie, maar wanneer sedelike verval by die jeug opgemerk word, en daarby nog die intellektuele jeug wat môre en oormôre die leiers van die volk gaan wees, dan is dit 'n saak van diepe kommer, en dan sal geen verantwoordelike persoon daardie toestande wil verberg terwille van oorwegings van prestige of wat ook al nie. Dan het dit tyd geword om in te gryp en te probeer regmaak wat verkeerd is.

Hoewel daar aan elke universiteit nog 'n gesonde kern bestaan van studente wat bedeed is met die nodige lewenserns wat pas by die tye waarin ons lewe, en in hul gedrag 'n waardige verantwoordelikeheid sin openbaar, en hoewel dit meestal hierdie studente is wat die leiding neem in universiteitsaangeleenthede weens die sterker persoonlikhede wat straal uit ewewigtige karakters, is dit nie te betwis nie dat 'n te groot aantal studente die universiteitslewe eenvoudig beskou as 'n vrylensie vir allerlei onverantwoordelike en buitensporighede. Hierdie gees openbaar hom in die eerste plaas in 'n gebrek aan belangstelling vir die gewigtiger studentebedrywighede. Kultuur-aangeleenthede word deur 'n minimum aantal studente gesteun, terwyl vermaaklikheidsplekke gewoonlik oorvol is en daarby gekenmerk word deur 'n gees van ligsinnigheid en oppervlakkigheid wat in die laere skoolstanderds verwag kan word.

DRONKENSAP

Maar by uitstek kom hierdie gees na vore by spesiale geleentheid soos intervarsities en danse. By sulke geleenthede verwag 'n mens vanselfsprekend pret en lewenslus, maar jy verwag beslis nie sieklike dronkenskap by jeugdige pretmakers nie. En ongelukkig het dit al meer 'n verskynsel geword om opnbare dronkenskap by sulke geleenthede onder bedroevend baie studente waar te neem. Nog by 'n onlangse intervarsity is besope jong studente die trappe na die pawiljoen opgedra — let wel, nie afgedra nie. En dit was nog maar die begin van die „pret”, wat eers later die aand sou volg. Wat die pynlikste is van die hele feit, is dat soveel jong meisies sonder die minste voorbehoud aan hierdie dinge deelneem.

Maar dit bly nie net by pret en speletjies nie. Die gebrek aan verantwoordelikeheid sin openbaar hom ook in die verset van studentekant teen normale tugbeoefening selfs waar dit sake aangaan heeltemal buite hul bestek. Dat daar georganiseerde teenstand kom wanneer die universiteitsgesag optree teen reëlverbrekers, kan miskien nog verklaar, hoewel nie goed gepraat word nie. Maar wanneer studentebetogings georganiseer word as daar kerklike tug op studente wat hulle aan die sedelike norme vergryp het, toegepas word soos al gebeur het, dan is dit nie meer 'n kwessie van kamaradie nie, maar die openbaring van 'n geestelike verval wat slegs met sterke hand verhoed kan word.

TYD VIR OPTREDE

Dit skyn of die hedendaagse student te jonk na die universiteit gaan en dus op te vroeë ouderdom 'n mate van vryheid toegesê word wat eintlik vir die veel ryper student van 'n geslag gelede bedoel was.

Maar wat die rede ook al mag wees, dit onthef universiteitsowerhede nie van hul sware verantwoordelikeheid om as plaasvervangers van die ouers op te tree nie. Daar mag 'n tyd gewees het dat die stryd wat inrigtings om bestaan moes voer, dit soms nodig gemaak het om nie te streng te keur nie. Maar vandag, waar meeste groot universiteite honderde aspirant-studente jaarliks moet afwys weens gebrek aan akkommodasie, is dit die aangewese tyd om op te ruim. Sonder vrees om getalle te beïnvloed kan universiteitsowerhede vandag nie net bekostig om 'n beter karakter student toe te laat nie, maar om diegene wat 'n gees van dekadensie onder ander studente versprei, sonder skade in die pad te steek.

Die ouers wat jare van moeitevolle aandag aan hul kinders se geestelike welvaart bestee, en ons volk wat afhanklik is van die leiding van die beste materiaal onder sy jeug, se belange eis dit van diegene wat in die verantwoordelike posisies van gesag geplaas is.

Die ouers en die volk sal baie meer gerus voel as hulle merk dat daar opgeruim word as wanneer hulle getroos moet word met woorde dat dit darem nie so sleg is as wat die publiek dink nie.

TOESTAND IN DUITSLAND UITERS KRITIEK

Britse Offisiere Leef Egter Soos Konings

Die voedseltoestand in Duitsland het so 'n omvang aangeneem dat die Duitse volk nou tot aksie begin oorgaan by wyse van stakings. Hierdie bedreiging van die vrede het die Britte tot haastige konferensies en noodmaatreëls gedwing. Daar is van Britse kant erken dat groot hoeveelhede voedsel onlangs van Duitsland afgewend is na ander lande.

Die administrasie van die Britse besettingsgebied word met instorting bedreig as gevolg van die dreigement van 500 Duitse arbeidsleiers om te bedank indien die Britse owerheid geen versekering kan gee dat die vasgestelde rantsoene gehandhaaf sal word nie. Dit sal verreikende politieke en administratiewe gevolge hê. ... Nie alleen sterf duisende kinders van honger nie, maar kindersiektes is besig om die Duitse jeug uit te wis omdat hulle liggame weens ondervoeding geen vermoë het om teen die siektes te veg nie.

Hoewel op papier aangeteken staan dat die Duitsers 'n rantsoen van 1,500 kalorieë per dag ontvang, blyk dit dat hierdie bepaling in feitlik geen geval nagekom word nie.

TE MIN

Die voedselnood het ontstaan as gevolg van die Geallieerde onvermoë om die besette Duitsland waar hulle alle bestaansmiddele met hul intog vernietig en verwyder het, van voedsel te voorsien. Om die Duitsers aan die lewe te hou moet daar maandeliks minstens 300,000 ton koring ingevoer word. Sedert Januarie het hierdie invoersyfer tot 160,000 ton gedaal. Uit vrees vir die openbare mening in die buiteland het die Britte 'n verbod geplaas op nuus oor die Duitse voedselkrisis. Weens tekort aan arbeid en

materiaal was die Duitse boere ook nie in staat om die geskatte hoeveelheid koring te produseer nie.

SLEGTER AS BELSEN

Die huidige rantsoene van die Duitsers bestaan hoofsaaklik uit kool en droë growwe brood. Dit is meer as 'n maand dat hulle laas aartappels gesien het. Die kaloriewaarde van die voedselrantsoene wat deur medici ondersoek is, het aan die lig gebring dat dit selfs laer is as dié van Belsen waaroor die Geallieerdes so 'n ophef gemaak het. Die meeste Duitsers ontvang vandag rantsoene ter waarde van 400 kalorieë. In Belsen was dit 800 kalorieë.

Toestande het so versleg dat uit elke 1,000 kinders wat gebore word 500 in hul eerste lewensjaar sterf — uit elke twee kinders sterf een. Dit is hoofsaaklik te wyte aan ondervoeding van die moeders en die kinders.

SWARTMARK

Intussen heers daar 'n groot swartmark in voedsel. Dit is nie moontlik om voedsel op die gebruikelike wyse in die hande te kry nie. Teen die heersende wisselkoers is 40 Duitse mark een pond werd. 'n Pond tee kos op die swartmark 400 mark of £10, 'n halfpond botter kos £7, twee pype tabak kos £4/10/- en 'n tol gare £1.

Terwyl hierdie vreeslike voedselnood onder die Duitse volk heers, is Britse offisiere in Duitsland in staat om soos konings te lewe. Hulle beskik oor die beste hotelle en die beste voedsel. Dit is moontlik om teen 3/6 'n beter maaltyd te kry as in Londen. In die offisiërsklubs is die Britte besig om eierdrankies te geniet terwyl Duitse kinders op die ashoep om 'n stukkies kos vroetel.

VERBOD OP MEDISYNE

Dokters word nie toegelaat om die penicillin wat hulle van Unrra ontvang, vir Duitse kinders te gebruik nie; dit mag alleen vir vlugteling kinders uit die buiteland (Jode) aangewend word.

Te midde van die ellende neem Britse soldate en offisiere die mees brutale houding teenoor die Duitsers in. Dit skyn deel te wees van die wraakbeleid. Dit roep die vertroulike omstandbrief wat die Britse militêre owerheid aan sy troepe in Duitsland gerig het om aan die Duitsers te toon dat hulle die herrenvolk is, en nie die Duitsers nie, in herinnering.

Erken Verval Van Ryk

„Daar is geen deel van die wêreld waar Britse sake nie wanbestuur word, en die Britse invloed nie gedaal het nie,” het Winston Churchill verlede week verklaar. Die kanse op herstel is maar baie gering, het hy gesê.

Duitsers GedepORTEER

Die nege honderd Duitse mans, vroue en kinders wat die Britse regering uit Tanganjika gedepORTEER het, het Maandagmiddag in Kaapstad skeepgegaan in die Winchester Castle wat so pas 'n vraag Britse immigrante afgelewer het.

Genl. Smuts was aanvanklik bereid om aan hulle tydelike toevlug in die Unie te verleen, maar hy het dit later teruggetrek, klaarblyklik weens druk uit Brittanje.

Inmiddels heers daar in die Verenigde Party-koukus 'n kwaai stryd oor die lot van die 254 Suidwes-Duitsers wat die deportasie-kommissie aanbeveel het vir deportasie. Die verslag is verlede Saterdag ter tafel gelê, en genl. Smuts sal teen die einde van die maand die regering se besluit aankondig.

Gerugte wil dat die Eerste Minister en min. J. H. Hofmeyr met 'n deel van die koukus ten gunste van toegewings aan die Duitsers is; maar dat die Joodse groep in die Party met 'n aantal jingo's op die verwydering van die Duitsers aandring.

Amerika, Rusland en Frankryk het nog geen toestemming gegee vir toelating van die Duitsers in hulle gebiede nie.

DIE PERSBELEGGINGSKORPORASIE BEPERK. (PERSKOR)

Aan alle Belangstellendes en Vriende in

NATAL EN GRIEKWALAND-OOS

LET OP!!

LET OP!!

NOG NET 6.000 AANDELE

van 5/- elk is beskikbaar vir belangstellendes in Natal en

Griekwaland-Oos.

Inskrywings word

Onherroeplik Gestaak op 30 Junie 1947

Jongste ontwikkelinge maak hierdie aandele

BESONDER WAARDEVOL

Tree dadelik in verbinding met:

L. STEIN,

P.a. E. B. CADLE, „Twyfelfontein,

P.K. MOOIRIVIER, NATAL.

Stalin Maak Rooi Soldate Van Krygsgevangenes

Negentigduisend Duitse soldate en offisiere wat deur die Russe krygsgevangene geneem is, word in 'n Russiese militêre kamp naby Moskou opgelei onder bevel van die eertydse Duitse veldm. Von Paulus en genl. Von Seidlitz, aldus persmante wat 'n besoek aan Rusland gebring het.

'n Tyd gelede het Die O.B. berig dat 'n groot aantal van die Duitse krygsgevangenes wat deur die Russe na Rusland geneem is, op een of ander manier verdwyn het. Die Russe het, toe hulle eindelijk op aandrang van die Weste gegee wens moes verstreke, baie minder krygsgevangenes aangegee as wat daar volgens die berekening van gesaghebbendes moes wees. Hierdie Duitsers is moontlik 'n deel van die wat vermis word.

Volgens die beskikbare inligting sou die soldate opgelei word om poste in die Russies-besette deel van Duitsland te beman.

„VRYE DUITSLAND”

Die kamp is dertig myl van Moskou en die afdeling staan bekend as „Vrye Duitsland”. Dit staan onder bevel van Von Paulus. Die offisiërskorps staan bekend as die „Bond van Duitse Offisiere”. Hulle word saam met die Russiese leer opgelei.

Die staf sou bestaan uit vyftig offisiere insluitende genl. Strenker en genl. Hell, albei bekende Duitse offisiere. Die Duitsers word bygestaan deur 'n politieke en militêre afdeling van die Russiese leer.

In afsondering van die ander soldate en offisiere word 3.000 Duitsers spesiaal deur 'n politieke afdeling van die Rooi leer „opgevoed.”

Vlootoffisiere word by die Russiese vloot ingeskaal.

WIL DUITSLAND BINNEVAL

Hardnekkige gerugte dat daar in Rusland 'n sterk Duitse leer aangehou word om op bevel van Stalin Duitsland binne te val en 'n Duits-Russiese regering daar te stel, doen die rondte ook in Duitsland.

Die Duitsers glo dat daar meer as 'n miljoen Duitse soldate in Rusland onder Von Paulus en Von Seidlitz aangehou word en dat hulle militêre opleiding in die omgewing van Moskou ontvang.

In die Russies-besette deel van Duitsland doen Duitse krygsgevangenes wat gedurende die oorlog in Rusland gevange gehou is tans diens as polisie-beamptes. Dit versterk die vermoede dat die Russe iets in die mou voer.

ONTWORTEL

Intussen neem Rusland weer sy kans waar om sy eertydse Westerse bondgenote daarvan te beskuldig dat hulle 'n slawehandele aan die gang het met ontworteldes in Europa van wie die meeste van Slawiese afkoms is. Die blad van die Russiese leer verklaar dat hierdie mense teen hul sin in die kampe gestop word en verplig word om in die Britse en Belgiese steenkoolmyne te gaan werk. 'n Groot deel van hulle sou Russiese burgers wees. Die werk vind plaas onder toesig van Amerikaanse soldate, aldus die blad.

VERKEERDE BABA

'n Jong New Yorkse egpaar het 'n eis van £50.000 teen die stadsraad van New York ingestel omdat hul pasgebore baba, soos hulle beweer, in die munisipale hospitaal omgeruil, en met een van „onbepaalde oorsprong” vervang is. Hul eie baba was 'n dogertjie met ligte hare, terwyl die een wat aan hulle gegee is, 'n seun met donker hare is.

Sowjet-Voorposte Beveg Australië Se Verdediging

Die invloed van die Kommuniste in die Australiese vakbonde is so sterk dat hulle tans dreig om die bou van Australiese verdedigingswerke te saboteer. Dr. Evatt, minister van buitelandse sake, het verklaar dat die regering nie langer die metode van die kommuniste om die vakbonde te gebruik ten einde die gesag van die regering te ondermyn, kan duld nie.

Die Australiese regering is naamlik besig om 'n vuurpylproefbaan vir verdedigingsdoeleindes te bou. Die minister het verklaar dat as gevolg van Russiese beïnvloeding die bouvakbonde dreig om 'n „swart verbod” op die bou daarvan te plaas. Hy het verklaar dat dit deel van die kommuniste se plan is om die ontwikkeling van die vuurpyl te belemmer.

Die kommuniste het ook in hierdie verband 'n pamflet uitgegee waarin hulle verklaar dat Australië agressiewe planne het.

Die minister het beklemtoon dat die verdedigingswerke voortgesit sal word ten spyte van kommunistiese weerstand. Daar is verklaar dat dit gedoen sal word met behulp van

Britse vakhui of gespesialiseerde troepe.

OOK IN SUID-AFRIKA

Hierdie optrede van die kommunisties-beheerde vakbonde is 'n treffende bewys van die gevaar om kommuniste tot die vakbonde toe te laat. Op 'n oomblik wanneer die land sy werkers nodig het vir selfverdediging, word hulle onder kommunistiese leiding teen die landsveiligheid aangewend. Ook in Suid-Afrika is daar tal van vakbonde wat met kommunistiese sekretarisse en betaalde amptenare sit. So sterk is hul invloed reeds dat hulle by die jongste kongres van die S.A. Vakbondraad etlike kommuniste in die hoofbestuur gekry het ten spyte van 'n openlike botsing tussen die gematigde en linkse vakbonde by die aanvang van die kongres.

K.G. op Roodepoort

„Observator,” Kaapstad, skryf:

Hoewel die publiek deur die brits-joodse pers van dag tot dag (en dit jare na die beëindiging van die oorlog) getrekteer word op berigte oor die „verhoor”, vonnisse en teregstellings van die Duitse leiers, generaals, fabrikante, wetenskaplikes, sakelui, ens., deur die wraakhof van Nuernberg, word daar geen woord gerep oor die gevare van daardie „duiwelse evangelie” die kommunisme nie.

Die boekwinkels is vol van pro-kommunistiese lektuur maar as jy probeer om by voorbeeld 'n eksemplaar van die (1946) Verslag van die Royal Commission oor kommunistiese bedrywighede in Kanada in die hande te kry, dan is dit nêrens te vind nie. Aangesien hierdie uiters belangrike amptelike verslag van die Kanadese regering 'n baie duidelike beeld gee van die kommuniste se metodes van insypeling, spioenasie en ondermyning, wonder 'n mens of dit nie juis daarom is dat dit nie hier te lande te kry is nie, en die vyandelike pers ook geen melding daarvan maak nie.

Met die opsetlike verswygung van enigiets wat die „ondermynende evangelie” van die

Kommuniste kan onthul, was dit seker vir elke reggesinde persoon besonder bemoedigend om die toespraak van die K.G. op Roodepoort in „Die O.B.” van 7 Mei te lees. Hierdie toespraak van die K.G. dien om te getuig dat die Boerevolk nog steeds daardie sterk weerstandvermoë besit wat onontbeerlik vir die voortbestaan van enige volk is. 'n Mens sou baie graag wil sien dat die toespraak in pamfletvorm dwarsdeur ons land versprei word — in Engels ook.

Die Ossewabrandwag, Nuwe Orde en ons ander volksorganisasies tesame met die H.N.P. en die Afrikanerparty, sal gewis 'n groot diens aan ons vaderland bewys as hulle die bevolking voortdurend kon inlig oor die aktuele gevare van die kommunisme, „verreweg die grootste gevaar wat ooit blank Suid-Afrika kan bedreig,” soos die K.G. die ding by sy regte naam op Roodepoort genoem het.

(Dit is opmerklik dat die Kanadese verslag oor Kommunistiese bedrywighede ook nie in Engeland te kry is nie. Op hierdie feit het Kenneth de Courcy onlangs gewys en gevra wat daaragter sit.—Red.)

In die stad ROND met Ronde Kommando

By die Bioskoop

'n koel sagte sigaret—Ronde Kommando maak al hoe meer vriende „oral in die land rond.”



A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekernars

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERE en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

WERDA

Meubelhandelaars

(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

Beskerm u Oë

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

Wahl, Lawrence
EN KIE.

BRILMAKERS

Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE

Die alom bekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u ooit geproe het. Drankies wat nie alleen pryse wen op tentoonstellings nie, maar wat deur alle fynproewers aangeprys word.

PRYS LYS

Per bottel in kassies van 12 bottels
Per gelling in 5 gelling vaatjies

PRYS LYS

Per bottel in kassies van 12 bottels
Per gelling in 5 gelling vaatjies

WYNE:

On Port	2/9	—
Invalide Port	3/3	—
Spesiaal Soet	2/9	12/6
Wit en Rooi Jeripiko	2/-	10/-
Wit en Rooi Malmsey	2/-	10/-
Wit en Rooi Muskadel	1/11	9/6
Soet Port	1/11	9/6
Port, Pontak,	—	—
Worcester Hock	1/10	9/-
Spesiale Sjerrie (Soeterig)	1/10	9/-
Goudkleurige Sjerrie	1/9	8/6
Ou Bruin Sjerrie	2/6	—
„Cocktail”	4/3	—
Vermouth (Droog of Soet)	3/-	—
Swartberg Sjerrie	2/9	—

DROE WYNE:

Boergonje (Rooi)	2/-	—
Riesling (Droë)	1/9	—

VERKOOPSVORWAARDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottle of 5 gelling vaatjie, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per vaatjie of 5/- per kassie met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u terugbetaal op ontvangs van die leë goed, vragegeld betaal na Vlakteplaats-stasie. (3) Stuur kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.a. u naaste stasie.

EXCELSIOR WYNAKERY (EDMS.) BPK.
POSBUS 1, VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huisoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwenssing, ens.) 1½ d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Enkel plasing (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasinge (vooruitbetaalbaar) 1½ d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasinge: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasinge tot kansellatie, 1½ d. per woord, minimum 3/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.” (vergelyk weeklikke): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensieaankondigings en intekengeld na: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.

GEBORTE

DE WAAL. — Aan Willie en Lettie (geb. Loubser) Skoneoord, Paarl, 'n fris dogter op 10 Mei. Naas die Goefe Gewer dank aan dokter en verpleegster. 21/5/1

VERLOWING

BOTHMA — DU TOIT. — Hiermee word die verloving van Johanna, jongste dogter van mnr. en mev. P. P. du Toit (jar.), Wilgerbos, Koupstasie, dist. Laingsburg, en Frikkie, tweede seun van mnr. en mev. J. J. Bothma, Leeuwvlei, Laingsburg bekend gemaak.

HUWELIK

Vir Partytjies, resepsies, dinee, probeer die Kaapstadse Afrikaanse-Koffiehuys (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerkgebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hofflike en doeltreffende diens.

DOODBERIG

TRUTER. — Gebore op 4 Mei, 'n lief klein dogtertjie, Gerda, vir slegs twee dae aan ons geleen. Dit was U wil o Heer! Dank aan dokter, verpleegster en vriende vir hulp en vertroosting. — KOMDT. EN MEV. KINNIE TRUTER, Pampoenkraal, Koringberg. 21/5/1B

AGENTSAPPE

VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAP. — BEPERK. Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwame diens aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbaande ens. Doen aansoek by POSBUS 48. Foon 9-7222. 27/11/Tk

VRYSTAATSE GOUDVELD EIENDOMME

Vir Eiendomme Henneman, Odendaalsrust omgewing, raadpleeg WELKOM EIENDOMME EN TRUST AGENTSKAP, Henneman (Eliens Alberts en Greeff). Foon 43, Telegramme „Weta.” 16/4/Tk

BENODIG

BETROUBARE SKOOLBUSDRYWER benodig. Vry woning, Hoenderkamp, weiding vir paar koeie, en tuingrond. Salaries 7/6 per skooldag. Doen dadelik aansoek by: P. N. VAN RENSBURG (J. seun) Palmietfontein, Pos Klipspruit, oor LEEUWDOORNSSTAD. 21/5/2B

Gekwalifiseerde Motorwerktuigkundige vir vooruitstrewende plattelandse garage. Salaries £8 per week, insluitende lewenskoste-toelae. Doen aansoek met afskrifte van onlangse getuiskrifte by POSBUS 35, BONNIEVALE. 14/5/5B

ONMIDDELLIK BENODIG vir moderne ingerigte en grootste garage in distrik: 1. PANEELKLOPPER EN SPUITERWERK. Persoon wat albei kan doen sal voorkeur kry. 2. WERKTUIGKUNDIGE. Persoon wat deeglike kennis van elektriese stelsels van karre, asook die hantering van moderne toets-toestelle van karre het, sal voorkeur kry. Slegs persone wat deeglike kwalifikasies het, hoef aansoek te doen. — AFRIKAANSE MOTORDIENS, Bus 66, BRITS, TVL. 7/5/4

BOME, PLANTE EN SAAD

AARTAPPELS. — Goefe gesonde, Tafelantappels, teen 3/6 per sakkie van 40 lbs. Ook saadaartappels, derde-jaar Vaalhang, eier- en okkerneut-grootte gemeng, teen 6/6d. per sakkie van 40 lb. Pryse is V.O.S. Bethal, en sluit die sakkies in. — J. SPIES, Posbus 100, Bethal, Tvl. 16/4/Tk

AARTAPPELMOERE, SAADBONE, PATATS. — 15/- per sak, King George aartappelmoere, tweede na ingevoerde. Planttyd middel van Julie. Patats 16/- sak. Bone, Refugees £4 per 100 lb. Heerlike groenboon sonder rafel. K.M.B. Leë sakkie na Kleinbrakstasie. — E. TERBLANCHE, Glencoe, P.K. Ruytersbosch, MOSSELBAAL. 21/5/2B

BESTE GESERTIFISEERDE SAAD: Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Sulderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarsaad 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6; Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-; Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van REMIERS, Schoemanshoek, Oudtsnoorn. 11/12/Tk

HERHOLDT se genakklimatiseerde Vrughtebome en Rose groei, dra en stel tevrede vanaf Kaapland tot Zambesi, maar... die aanvraag is groot en onmiddellike bespreking is noodsaaklik vir Julie-Augustus-planttyd. Pryslyste gratis. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE, Posbus 660, Johannesburg. 19/3/Tk

HERHOLDT se nuwe Afrikaanse geïllustreerde TUIN- EN SAADGIDS is nou gereed. Dit bevat 'n volledige lys van die wêreld se beste Groente en Blomsaad. Bevat sensasiewekkende nuwe soorte en is gratis op aanvraag. — HERHOLDT SE SAAD-DEPARTEMENT, Posbus 660, JOHANNESBURG. B/19/3/Tk

VRUGTEBOME. — Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons pulk voorrade verseker tevredeheid, maar... die aanvraag is groot, besteel nou en voorkom teleurstelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE, Posbus 660, JOHANNESBURG. AA/26/3/Tk

TAFELAARTAPPELS. — Pragtige, gesonde en vars Graad I teen 16/- per 150 lb., 4/- per 38 lb. V.O.S. Bethal, hem in nuwe sakkie. Leë sakkie terug. Ek waarborg tevredeheid. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM. 14/5/Tk

UIESAAD. — Eersteklas gesertifiseerde Uiesaad, Vroeë Kaapse Plat Geel 8/- per pond; Australiese Bruin 6/6 per pond. Posvry. K.M.B. — GERT VAN ROOYEN, Louterwater, Uniondale. 12/3/Tk

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Per ¼ pond, ¼ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 8/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatiemoen 4/-, 6/-, 10/-; Tamaties, Beauty en Marglobe, 8/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 8/-; Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6 per lb., ½ lb. 4/9. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtsnoorn.

GEMENG

??? O.B.-OUERS ???

Sal ouers wat seuns en dogters in die koshuise van Jan van Riebeeck-Hoërskool (Kaapstad) het, asseblief in verbanding tree met MNR. J. H. V. DU TOIT, Molenvliet, Stellenbosch? Dit is in verband met die Boerejeug.

ELEKTRESO (Edms.) Bpk. elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs. Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodigdhede; ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai- pas-, sweis- en herstelwerk aan alle piens- en ander gereedschap. Telefoneer 9-7223. 27/11/Tk

LOOIERY. — Velle word bewerk na keuse, d.w.s. in leer, goed vir tulle, sool, oorleer, ens. Om besonderhede skryf aan: L. B. SIEBRITS EN SEUN, FRANSCHHOEK, K.P. 19/3/Tk

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste diens by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voortröe, Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

GENEESMIDDELS

BLY JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreldwonder teen gryshaar. Die waarborg herstel van gryshaar vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

HAARKAPPERS

Vir 'n eersteklas haarkap besoek ELS'S HAARKAPPER SALON, Kempstonweg 223, Berry's Hoek, Port Elizabeth; sowel as vir al u weelde-artikels, eetsgereedschap, juweliersware ens. 27/11/26B

HORLOSIEMAKERS

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

Vir HORLOSIEREPARASIES spreek STEYN, posbus 3531, Kaapstad. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

HOTELLE

MAJESTIC HOTEL, Ceres (Elienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

KLEREMAKERS

Vir 'n goeie pak klerie of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

MEUBELS

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIEENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victorieweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

TE KOOP AANGEBIED

BRANDHOUT. — Swartwattel, gesaag in blokkies 1 vt-lengte, gelewer in trok Outenikwa-Halte. — H. H. MEYER, Kleinfontein, Pk. Sinksbrug, George. 19/3/Tk

HONDJIES. — Pragtige boerboelreun-tjies £4, tefies £2. Wakker en wonderlik intelligente ouers. — B. N. AD-CKOCK, Posbus 1134, PRETORIA. 14/5/3B

JURSKIE. — Kopskeie 4/6, bottelskele 3/9, agtkantige skele 5/- per paar. — KOOS BOTHA, P/s Serpentine, Dist. GEORGE. 30/4/4

PLAAS, 17 myl van Vryburg, 2.000 morg, verdeel in 8 kampe, met water in elke kamp. 70 morg lande, reeds 6 sakkie groenvoer gesaai. Huis met 8 vertrekke, water aangelê, vrugteboord, buitegeboue, veld mooi (6 duim reën in Maart-April gehad). Prys £6-10-0 per morg. — J. HAASBROEK, Kleindam, VRYBURG. 21/5/2B

PANORAMA SKOTSE KOLLIEHONDJIES. — Geregistreerd met uitstekende stamregister. Die hond wat enigiets leer. Ouers groot, intelligent, met lang hare. Gebore 27 Maart. Gereed vir aflewering. — S. W. VORSTER, Spes Bona, MOTKOP, K.P. 14/5/2B

RONDEBOSCH. — Goed geboude woning, vyf vertrekke, kombuis, badkamer, spens, pakkamer en garage. Ruim gronde agter en voor. Uit Milnerweg, Rondebosch. Prys £3.000. Telefoon: MEJ. VISSER, 27111—72 kantoor-ure. 21/5/1B

STEENMAAKMASJINE. — „Die Kleine Wonder” vervaardig tot 4.000 sementstene, 3 dm. x 4½ dm x 9 dm. per dag. Prys £20. Doen aansoek by u naaste handelaar of skryf direk aan: J. H. BUHR, Bus 18, HOPEFIELD. Handelsnavrae word verwelkom. Ook ander steenmasjiene in voorraad. 30/4/5

WINSKOPIES VIR BOERE. — Herstelbare leërbroeke 30/- per streepsekk; sandskoene (nuwe en tweedehands) 10/- per streepsak; blikborde (nuwe) £2-10-0 per 100 of 9d. elk; kosbakke 1/6 elk; panne 1/6 elk; bandoliere 2/- elk. Skryf of kom na: T. J. MOSTERT, Tweedehandse Meubelhandelaars, Lady Greystraat 93, Paarl. 21/5/Tk

SOUT TE KOOP

BOERE-PAKKET. — Nege sakkie wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakkie sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s No. 4, Arbeidsloot, BLOEMFONTEIN. 21/5/Tk

SOUT. — Mevrou, u sukkel met growwe tafelsout! Bestel 'n sak fynsout 8/6 per 200 lb.-sak. Meneer, vir u vee is No. 2 die beste teen 49/- per ton. — S. J. VENTER, Oranje-soutwerke, P.K. Florisbad, BLOEMFONTEIN. 14/5/Tk

SOUT. — Mooi belofte help nie, dit troos net! Bestel waar u seker is van u geld vir A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/-, No. 3 44/- per ton. Bottersout 8/6 per 200 lb.-sak. — W. H. VENTER, Soutwerke, P.K. FLORISBAD. 14/5/Tk

SOUT. — Ek vra u vriendelike ondersteuning as jong beginner en Boerejeuglid. A1 48/-; No. 1 43/-; No. 2 38/- per ton. Alle sakkie terug so goue as moontlik. — S. J. DE BEER, Soutwerke, FLORISBAD. 2/4/Tks

SOUT. — Vriende, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A1 £2-10-0; No. 1 £2-14-0; No. 2 veesout £2-9-0. Alles per ton, vry gelaai soutwerke. As dit moontlik is stuur leë sakkie saam. 1/- afslag op elke leë sak. K.M.B. — MEV. F. DE BEER, P.K. Florisbad, Oor Bloemfontein. 30/4/8B

SOUT. — Vermindering in pryse weens tekort aan sakkie. A1 4/6; No. 1 4/-; No. 2 3/6. Stuur u leë sakkie, spoorvrag betaal. As u nie sakkie het nie stuur 1/- per sak meer. Tevredeheid gewaarborg. Ondersteun u mede-O.B.-lede. — MEV. S. J. SLAB-BERT, P.K. FLORISBAD. 21/5/1B

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorstening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakkie word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorstening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiëttaknemers. Foon 9-8435.

SKOOLRAADSVERKIESING, MIDDELBURG.

Ons verstaan dat in sekere dele van die kiesafdeling beweer word dat mev. Hofmeyr as kandidaat by die skoolraadsverkiezing teruggetrek het. Namens die Arnot-tak van die Vrouelandbou-unie wens ons hierdie berig te ontken en daarop te wys dat dit van alle waarheid ontbloot is. Ons tak van die V.L.U. beskou dat 'n vrou en moeder op die Skoolraad sitting moet hê en daarom het ons mev. Hofmeyr genomineer, en ons vertrou dat sy algemene steun sal geniet. Namens die V.L.U. J. J. Bosman, Pres. H. P. Brits, Sekr. Arnot. 13 Mei 1947.

MARKAGENTSAP

VROEË MÔRE-MARK KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Elienaar: GUSTAV RETIEF

G. A. FICHARDT, Bpk

(Lid Afrikaanse Handelinstituut) MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS Foon 760 Oppgerig 1848 BLOEMFONTEIN

TOT U DIENS...

Geldenhuys

Ingenieurswerke

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynnestraat 13 -- PAROW

Sien Advertensie onder Geklassifiseerde Advertensies.

VIR PERSOONLIKE FRISHEID



GEbruik K.W.V. RUIMSKOOT IN DIE BAD



EN NA SKEER.

KWV-
EAU de COLOGNE

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 2108, Kaapstad.
Posbus 4893, Johannesburg.

INTEKENING OP „DIE O.B.”

Dit kom dikwels onder ons aandag dat persone wat „Die O.B.” van vriende ontvang en graag gereelde intekenare op die blad wil word, nie weet waar om in te teken nie.

Vir die gerief van sulke persone plaas ons die nodige inteken-vorm hieronder. Voltooi net die vorm en pos dit saam met die intekengeld van 10/- per jaar (of 5/- vir ses maande) aan: Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 28, Stellenbosch.

INTEKENVORM

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,

VOORSLAG (EDMS.) BEPERK.

POSBUS 28 — STELLENBOSCH.

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „DIE O.B.” tot ek u kennis gee om die intekening te staak. Ek sluit die bedrag van £ : : vir die eerste twaalf/ses* maande hierby in.

NAAM

(Blokletters)

POSADRES

Datum

Handtekening.

*) Skrap wat nie van toepassing is nie.

DIE Boere JEUG

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B.” VAN WOENSDAG, 21 MEI 1947

,Wees Uself, Wees Getrou!’

Op 20 Mei, 1916, is hierdie wagwoord deur genl. J. B. M. Hertzog aan Jong Suid-Afrika gegee. Die Boerejeug wil dan ook niks anders wees as wat hulle is nie, nl. die jeug van die Boerevolk wat op 31 Mei 1902 sy vryheid verloor het, en getrou sal ons enduit stry vir die herwinning daarvan.

WEES USELF

Dit moet ook die wagwoord wees van elke Boerejeuglid afsonderlik: Om elke dag in alles wat jy doen, sê, en dink, enkel jouself te bly, en jou eie persoonlikheid aan geen vreemde invloed of persoon op te offer nie.

Hoe dikwels sien ons nie seuns en dogters van ons eie volk wat niks anders as slawe en slavinne van die uitlandse rolprent en goedkoop literatuur geword het nie! Die haarstyl en kleredrag van hierdie of daardie flimster word tot in die fynste besonderhede nageboots; die taal


word deurspek met vreemde uitdrukkings; en, ergste van alles, die gedagtes en belangstelling is net so oppervlakkig. Maar dis geen tekening van 'n Boerseun en -dogter nie! Ons bly onself, ontwikkel ons brein deur 'n belangstelling in ons eie toneel, letterkunde, en kuns, en bestudeer ons eie volksgeskiedenis.

WEES GETROU

En dis juis wanneer ons naspour die geskiedenis van ons voorgeslagte, dat ons onder die besef kom van die groot taak wat op ons skouers rus: Hulle het alles feil gehad vir

hul God, Volk, en Land, en van ons word dieselfde verwag.

Die Vryheid wat hulle so hoog geskat en liefgehad het, moes egter na 'n driejarige worstelstryd prysgegee word, en daarmee het dit ons plig geword om daardie verlore vryheid te herwin!



Boerejeuns besig met landsdiens.

Wenke Aan Veldkornette(s)

Ons het belowe om hierdie slag 'n paar wenke te gee i.v.m. die gereelde jeugbyeenkomste. Van die allergrootste belang is hier om dit vir die kind so aangenaam moontlik te maak. Wanneer sy onderwysers met hom besig is moet hy maar genoë neem selfs al hou hy niks van die werk nie, omdat hy verplig word daartoe. Niks dwing hom egter om aan die Boerejeug te behoort nie, dus sal hy dit maklik verlaat of ontrou word as dit slegs vir hom 'n voortsetting van skoolwerk beteken.

Offisiere wat reeds ondervinding het van Boerejeugwerk sal bogenoemde seker wil onderstreep. Ons laat nou 'n offisiere wat seuns sowel as dogters onder haar het, self aan die woord en vertrou dat haar ondervinding ook baie andere ten goede sal kom:—

„'n Kind bly nou eenmaal 'n kind en hy wil graag speel. Daarom reël ek altyd die middag so dat die werk in die eerste halfuur afgehandel word en daarna speel ons almal lekker saam, of die seuns doen 'n bietjie praktiese dissipline. Vir volkspele is die kinders besonder lief (op bygaande


klein is 'n klompie besig om weer 'n nuwe speletjie te leer) maar ook spanspeletjies en andere hou hulle van.

„Dis die moeite werd om soms 'n verrassinkie vir hulle te reël, al is dit nou maar 'n kleinigheidjie om te peusel.

„Die werk kan 'n mens vir hulle ook baie aantreklik maak deur dit speelsgewys te doen, b.v. die manier van vroe stel i.v.m. die Boerejeug-organisasie, 'n soektog na allerlei voorwerpe om hul opmerkzaamheid te toets, en die manier waarop nuwe liedere ge oefen word.

„Ons as offisiere moet op alle moontlike maniere probeer om die kind se liefde te wen. Alleen dan sal die kind waarlik innerlik gedissiplineer word. Dis wonderlik om te sien die opoffering wat sommige doen om nie 'n byeenkoms te mis nie, eenvoudig omdat hulle dit as hul eer en plig beskou.”

Ons ontvang graag meer sulke wenke van offisiere. Onthou, fondsdag is nie meer te ver nie, dus sal wenke i.v.m. die maak van artikels vir die Boerejeugtafel, of ander idees vir die insameling van fondse baie welkom wees.



Volkspele vind groot byval by die jeug. 'n Groepie Boerejeuglede oefen hier by hul weeklikse byeenkoms.

GEAGTE OUERS,

Graag wil ons 'n beroep op u doen om die naam, adres en ouderdom van elkeen van u kinders wat op kosskool is en nie daar by die Boerejeug ingeskakel is nie, aan Boerejeughoofkwartier te stuur sodat ons dadelik met hulle in verbinding kan tree.

U hulp in hierdie verband sal baie waardeer word.

As u self ook meer inligting oor die Boerejeug wil hê, sal ons dit graag op ontvangs van 'n brief van u, verstrek.

ONS SAL OFFER

LEO VERTEL
(Vervolg)

Stadig het die ure van die Sondagmiddag en lang wintersnag verbygesleep. Van slaap was daar geen sprake nie. Koud het die staalkettings om sy bene geknel, en nog kouer was die betonsél waarin hy opgesluit lê, met net 'n paar dun vuil kombersies vir beddegoed en 'n mat om op te slaap. Een vir een het beelde uit sy volksgeskiedenis voor sy geestesog opgedoem:— Slagtersnek, Bloedrivier, Amajuba, . . . Vereeniging . . . en toe die Rebelle van 1914 wat misluk het. . . en nou hierdie opstand waarin hy betrokke is. Vurig het hy daardie nag gebid dat God tog genadig sal wees oor sy ou volk en hulle sal uitred uit die hand van hulle onderdrukker.

Met 'n bonsende hart het hy Maandagoggend die Superintendent gevra of hy toegelaat sal word om sy moeder te sien, maar moes soos hy verwag het, verneem dat sy nie weer toegelaat sal word om hom te besoek nie. Hy mag nie eens sy prokureur raadpleeg nie. Oor twee dae sal hulle voor die hof moet verskyn op aanklag dat hulle wou ontsnap.

Die vooruitsig om hof-toe te gaan is 'n verligting, want vir dié dag sal hulle minstens nie in kettings wees nie, en moontlik sal hy die geleentheid kry om net sy moeder te sien, want sy sal darem seker in die hofsaaal toegelaat word. Dan kan hy minstens vir haar glimlag en met tekens wys dat dit goed gaan.

Angstig staan die sestel in die ondergrondse selle van die nuwe magistratshof en wag dat die hof moet begin. Eindelijk word hulle binne gelaat. Sy oë soek vinnig die menigte nuuskieriges deur, en dan gewaar hy haar links van hom by die beskuldigde bank. Hy voel of hy alles voor hom kan plat loop om by haar te kom,

net om haar te vertroos en te bemoedig.

„Stille in die hof”, klink die skril stem van die hofsersant toe die magistraat inkom en almal opstaan. Die hele atmosfeer is vyandig en stroef. Die staat se getuies lê een vir een hul verklarings af, en waar dit tekort skiet word aangevul uit hul verbeelding. Die advokate wat Leo en sy makkers verdedig doen hul bes, maar kan geen regverdigheid by hierdie politiekgekleurde hof afdwing nie. Hul pleidooi om 'n billike straf val op dowe ore en lok 'n heftige teenpleidooi van die staatsaanklaer uit: „Ek vra dat hulle swaar gestraf sal word omdat aan hulle ook lyfstraf toegedien moet word. Hulle wou uit die gevangenis ontsnap en die staat beskou dit in 'n baie ernstige lig”.

„Ek vind jou skuldig, Leo . . .”, kom dit van die magistraat, „en ek veroordeel jou tot ses maande harde arbeid en ses houe met die rotting”. Met 'n uitdagende blik van minagting op sy gesig, kyk Leo sy veroordelaars en vervolgers aan, en dan wend hy hom tot sy ou moeder, waar sy gebroke in die hofsaaal sit. Flink en netjies salueer hy haar vanuit die beskuldigde bank terwyl hy uitroep: „Vir my God, my Volk, my Land, Suid-Afrika!”

OPLOSSING VAN BLOKKIESRAAISEL No. 2

DWARS: 1 Veldkornet; 8 Sien; 9 Vuurwapens; 10 Brasso; 11 Tellers; 14 Harspan; 15 Asem; 16 Wiel; 17 Lê; 18 Fatalis; 19 Uurwerk; 21 Erewag; 34 Arendsblik; 25 Sake; 26 Moederkerk.

AF: 2 Eeue; 3 Dartel; 4 Neef; 5 Tasbaar; 6 Dissipline; 7 Onmoontlik; 11 Trapfiets; 12 Laertrekke; 13 Spies; 14 Hanou; 17 Liggaam; 20 Wasbak; 22 Bene; 23 Eier.

OFFISIERE !!

OPLEIDINGSLAERS

Boerejeugoffisiere word hiermee kennis gegee dat daar gedurende die Oktober-skoolvakansie twee belangrike offisiersopleidingslaers vir die Boerejeug gehou sal word, en wel in Vrystaat en Transvaal.

Elke offisier vanaf Asst.-Veldkornet(te) word versoek om nou reeds reëlins te begin tref om een van hierdie laers by te woon.

Vir Gebied A word daar gedurende dieselfde vakansie 'n laertrek vir seuns en dogters op Franschhoek gehou.

Besonderhede oor hierdie laers volg later.

VERJAARDAGKETTING

Agerstallig:

13 MEI: Pieter Strachan, Middelburg, Tvl.

18 MEI: Jan Pienaar, Hamlet; Anna Pienaar, Hamlet; Rykie Wassenaar, Middelburg, Tvl.

23 MEI: Jacobus van der Westhuizen, Loxton; Casper van Wyk, Paarl.

24 MEI: Elizabeth Rossouw, Aughrabies

25 MEI: Hester le Roux, Buurmansdrift; Charlene Cillie, Wellington; Marianna Nel, Paarl.

26 MEI: Nicolaas Janke, Frankfort; Christina Lamprecht, Koffiefontein; Emmerentia Nortje, Kafferskraal; Cornelia Venter, Groot Marico.

27 MEI: Cicelia Smit, Jeppe; Anna Coetzee, Bosbokrand.

28 MEI: Cecilia de Jager, Boshoeck.

29 MEI: Marie du Toit, Wellington; Casper du Toit, Frankfort.

30 MEI: Ansie Coetze, Paarl; Lourens Erasmus, Vryburg.

31 MEI: Carlé Cillie, Wellington.

1 JUNIE: Willie du Toit, Matrooster; Johanna Vermaak, Middelburg, Tvl.; Junith Olivier, Beaufort-Wes.

2 JUNIE: Paul H. Brandt, Potchefstroom; Hendrina Venter, Jeppe; Hester Retief, Paarl; Pieter Gunter, Paarl.

3 JUNIE: Christiaan Dreyer, Frankfort; Willem van Wyk Kilian, Middelburg, Tvl.; Ivan Vorster, Loxton; Maria Vorster, Loxton; Albertyn Smit, Malmesbury; Erika Sohne, Stellenbosch.

4 JUNIE: Hendrik de Beer, Kakamas.

„SOCIAL SECURITY’ IN DIE WIND

Herroeping van Wet Lê Vinger op Swak Stelsel

Die kapitalistiese regering se eerste „groot” stuk „social security” is na drie maande van algemene misnoë buite werking. Min. Colin Steyn het verlede week aangekondig dat die regering die wet op werkloosheids-versekering gaan herroep nadat dit net vir drie maande in werking was. Die wet is deur die regering aangekondig as sy eerste hydrae tot die „bestaansbeveiliging” in antwoord op die baie versoeke van die volk se kant dat iets in dié rigting gedoen moet word, het die Minister gesê.

Die indiening van hierdie wet, wat voorsiening wou maak vir die onderhoud van werklooses, het min of meer die kroon gespan om die dwase hoof van die huidige regering. Op ’n tydskop toe elke regeringsorgaan en spreker beklemtoon het hoe daar miljoene en miljoene immigrante ingevoer moet word omdat hier hopeloos te veel werk in die land is vir die seuns van ons eie bevolking, het die regering se hydrae tot bestaansbeveiliging bestaan uit... werkloosheidsversorging!

Op ’n tydskop wanneer alle koerante vol is van die hoë siektenood in ons land, wanneer 40 persent van die bevolking ondervoed is en daar 60,000 gesinne sonder huise sit, begin die regering se bestaansveiligheid met ’n wet op werkloosheid, onderwyl hy werkers van die buiteland af moet invoer om in die arbeidsbehoefes van die land te voorsien!

Hierdie mishukte poging is maar die soveelste bewys van die algehele onbevoegdheid van die huidige partybewind om iets konstruktiefs te doen.

LUIHEID BELOON

Die wet se toepassing het aan salarisse vir amptenare meer as £6,000 per maand gekos, terwyl daar byna £24,000 uitbetaal is in die drie maande. Intussen moes alle werkende persone, van predikante tot tiksters — wat nooit ’n pennie daarvan sou terugkry nie — bydra tot die fonds wat op 31 Maart al £223,000 beloop het.

Die uitwerking van die wet op ’n tydskop wanneer daar, volgens die regering self, so ’n oorvloed van werk is dat buitelandse werkers eintlik op staatskoste ingevoer moet word, was eenvoudig dat dit werkskuheid gesubsidieer het. Daar is

’n premie geplaas op luiheid, want die wet was van toepassing ook op nie-blankes wat tydens „werkloosheid” driekwart van hul lone ontvang. Dit spreek vanself dat baie nie-blankes nie sal omgee om vir geruime tyd werkloos te lê in sulke omstandighede nie.

BEROEPS- VERTEENWOORDIGING

Hierdie mislukking is ook ’n openbaring van een van die grootste gebreke van die huidige regeringstelsel. Dit toon dat daar geen voeling tussen regering en die verskillende volkslae bestaan nie. Die party aan bewind raadpleeg niemand anders buite sy kookus oor die indiening van ’n wetsontwerp nie. Dit val maar soos ’n donderslag uit die lug op die volk nadat die partykookus besluit het oor die voor- of nadeel daarvan vir die party — en nie van die volk nie.

Daarom bepleit die Ossewa-brandwag ’n stelsel van beroepsverteenvoording. Enige wetsontwerp sal dan vóór sy aanname ontleed word deur die verteenwoordigers van alle beroepsgroepe van die volk, en sal dit dan nie vir predikante en ander beroepe nodig wees om agterna, nadat duisende ponde aan die uitvoering van die wet bestee is, by wyse van deputasies te gaan beswaar maak nie.

Soos dit nou is, het die regering eers die ander kant van die saak gesien nadat die wet se toepassing reeds £2 miljoen gekos het. Die Minister het naamlik erken dat die aanvangskoste vir die staat ten opsigte van die wet tussen £1,500,000 en £2,000,000 beloop het. Die huidige politieke stelsel is ’n lompe, onvrugbare en durabele stelsel.

Immigrante Draai Dalk Teen Regering

(Vervolg van bladsy 1)

Afrika in te gooi en dit hul nuwe vaderland te maak. Van Engeland is daar niks meer te wagte vir hulle nie, en dit was met dankbaarheid dat hulle die stof van hul voete kon skud, het hulle gesê. Daar is van hulle wat aan boord reeds begin Afrikaans leer het.

DILEMMA

Die regering sit dus vandag met die volgende dilemma: Hy wil politieke ondersteuners uit Engeland invoer omdat daar vir hom ’n tekort aan stemme binne Suid-Afrika ontstaan het. Voer hy Engelse

in en hy maak dit vir hulle baie aangenaam by hul aankoms, is die teenstelling met wat hulle in Engeland verduur het, so skerp dat hulle dadelik ’n Suid-Afrikaanse patriotisme kan ontwikkel en dus twyfelagtige ondersteuners van die Empire-party sal wees. Daarenteen, laat die regering wekloos toe, of is hy nie in staat om dit vir die immigrante ten beste te gee nie, raak hulle ontevrede en sit met ’n wrok teen die regering wat hulle mislei het.

Ons voorspel dat die Smuts-bewind nie baie lank sal volhou met sy ywer vir buitelandse immigrasie nie.

BRITTANJE SE VERDEDIGING



In die besef dat hy geen eersterangse moondheid meer is nie, is Brittanje besig om die stelsel van sogenaamde Ryksverdediging te verstewig vir sy eie veiligheid. ’n Konferensie tussen die verskillende leërhuofde van die Ryk het so pas in Londen plaasgevind waar ook Suid-Afrika verteenwoordig is deur ’n militêre sending onder leiding van genl.-maj. E. Poole. Die foto toon veldm. Montgomery aan die tafeltjie besig om die offisiere te onderrig in die oorlogskuns. Voor hulle lê ’n groot kaart.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.

£9½ miljoen

...ONS BEESBOERE SE JAARLIKSE INKOMSTE


Vars Kaapse beesvleis was ’n groot aantrekkingskrag vir die ou Hollands-Oos-Indiese Kompanjie. En ons beskawing, ons bestaan, die ontwikkeling van ons land, is grootliks aan die trekke te danke.

Vandag se beste presteer weer op finansiële gebied—hulle besorg die boer ’n jaarlikse inkomste van £9½ miljoen.

Met talke in alle vernaamste beestestreekte, lewer VOLKSKAS ook aan die beestebou jaar na jaar hoogstaande dienste. Die Bank is ingerig vir hantering van alle banksake, waaronder lopende tjekrekenings, spaar- en beleggingsfasiliteite, oorsese (valuta) transaksies regstreeks deur sy eie agente en korrespondente in al die vernaamste lande van die wêreld.

HOOFKANTOOR: PRETORIA
LONDEN AGENTE: Lloyds Bank Limited
NEW YORK AGENTE: Chemical Bank and Trust Co.

VOLKSKAS
BEPERK.
BANKIERS



**DIT KOS MINDER EN
U LINNE HOU LANGER!**

SPAAR MOLITE en laat
Spesialiteite u wasgoed doen

• WAS • DROOGSKOONMAAK • KLEUR

Adres: Hugenoottasie, Paarl
(Goedere halftarief)

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35 DIE PAARL Foon 214